# HOOFSTUK II.

## DIE VERSKYNSEL VAN BEGAAFDHEID

### 1. Inleiding.

Vanaf die jaar 1900 is hierdie verskynsel deur verskeie navorsers ondersoek. Dit is baie duidelik dat individue van mekaar verskil ten opsigte van sekere eienskappe. Hierdie verskille is dan ook die direkte gevolg van die individualiteit van die mens. Ons sien die mens as 'n eiesoortige, eenmalige wese. Voor hom was daar nie een wat net soos hy was nie en na hom sal daar ook nooit weer een kom wat in alle opsigte identies is nie, behalwe miskien in die geval van identiese tweelinge. Die mens is dus 'n eenheid wat opgebou of saamgestel is uit 'n veelheid van eienskappe wat in 'n sekere patroon gegroei, gevorm of ontwikkel het en alhoewel dieselfde eienskappe in twee persone aanwesig kan wees, sal hulle tog verskil in kwantiteit, in ontwikkeling en op die kwalitatiewe vlak. Graad- of kwalitatiewe verskille sal dus daartoe aanleiding gee dat die determinante eienskappe sal verskil en hierdie verskille sal die mens as geheel beïnvloed. Dit sal dus sy algemene menswees beïnvloed. Dit word dan ook deur almal erken en aanvaar dat individuele verskille bestaan en dat geen twee persone identies is nie behalwe miskien in die geval van identiese tweelinge wat as seldsame uitsonderings beskou kan word.

Of hierdie onderskeidende eienskappe aangebore of verworwe is, val buite die veld van hierdie studie. In hierdie studie gaan ons uit van die standpunt dat elke mens gebore word met 'n voorraad potensialiteite. Hierdie potensialiteite moet ontwikkel, gestimuleer en tot

ontplooiing gebring word. Hierdie ontwikkeling vind plaas deur die inwerking van innerlike faktore sowel as die invloed van die omgewing op die kind. Onder omgewing verstaan ons alle individue, instansies, bewegings, en so meer met wie en waarmee die persoon in aanraking kom. Die belangrikste instansies is beslis die huisgesin, die skool, die kerk en die gemeenskap waarvan hy deel is. Die individue wat hom of haar die meeste sal beïnvloed sal beslis uit die volgende gekies kan word: die moeder, lede van die gesin, ander familielede, die onderwysers, die predikant en sy maats.

2. Wie is begaafd?

Dit is een van die vraagstukke waaraan gedurende hierdie eeu baie aandag gegee is. Baie navorsing is op hierdie gebied gedoen. Ons kry dan ook 'n groot aantal definisies vir die begrip "begaafdheid." Alle navorsers en opvoedkundiges erken en aanvaar die feit dat individue van mekaar verskil en dat elke individu oor sy eie moontlikhede en potensialiteite beskik en daarom is almal nie tot dieselfde prestasies in staat nie. Verskeie navorsers het pogings aangewend om kriteria vas te stel, toetse op te stel en indelings te maak om die mensdom in groepe te verdeel volgens hulle andersheid of enersheid. Dit het dadelik weer duidelik geword dat sekere individue oor groter moontlikhede beskik as die ander in die groep. Hierdie moontlikhede of potensialiteite kan op verskillende terreine lê. Dit kan verstandelik, geestelik, sosiaal, emosioneel, eties of esteties wees. Daar bestaan egter nie net verskille ten opsigte van die terrein nie maar ook kwalitatiewe verskille op dieselfde gebied. Dit het dan ook die opvoedkundiges gebring tot die oortuiging dat ons die mensemassa, volgens hulle moontlikhede kwalitatief in drie breë groepe kan verdeel. Die eerste groep is die met gemiddelde

30/moontlikhede....

moontlikhede wat as basis geneem word. Die tweede groep is die persone wat oor minder geestelike, verstandelike, etiese, morele, emosionele, en so meer bates beskik. Ons kan hulle beskou as die onder-normale groep. Die derde groep is daardie persone wat oor meer potensiële bates, of oor bates van 'n baie hoë kwaliteit in sekere rigtings beskik. Hierdie groep kan beskou word as die bo-normale groep. Op grond van watter karaktereienskappe hierdie verdeling gemaak word en watter toetse toegepas word om die vermoëns vas te stel, word later volledig behandel.

Bo-normale is egter 'n baie wye term. Vir hierdie studie moet die begrip baie duidelik afgebaken en gedefinieer word. Hierdie bo-normale groep se grense moet dus afgebaken word, met ander woorde sekere kriteria moet aangewend word om die groep of die individue waaruit die groep bestaan, van ander groepe of die individue daarvan te onderskei. Voordat ons egter die grense, soos dit vir hierdie studie van toepassing sal wees, gaan aantoon, wil ons eers uit die menigte definisies en omskrywings bepaal wie eintlik die „begaafdes" is oor wie dit in hierdie studie gaan.

In die verslag van die Onderwysburo [1] van die Transvaalse Onderwysdepartement word die begaafde gedefinieer met die definisie van R.L. Thorndike: „I define the gifted child as the child who shows in exceptionally high degree the ability to work with ideas. The crucial differentiating mark of the individual with whom we are concerned, is that he shall be exceptionally capable of thinking."

Daarnaas word in dieselfde verslag verwys na die definisie van Waterink soos wat dit verskyn in: „De mens in het bedrijf," waar hy sê: „In de begaafdheid komen allerlei algemene andere faktoren dan de intelligentie naar voren." Daar word dan ook beslis gewaarsku teen die neiging om algemene intelligensie en begaafdheid as identies te beskou.

Hierdie twee beskouinge is tiperend van die twee hoof denkrigtings wat daar oor hierdie vraagstuk van begaafdheid bestaan. Die een rigting wil aan die begrip „begaafdheid" 'n enger betekenis van hoë intelligensie gee terwyl die ander rigting begaafdheid wil sien as die wyer begrip waaronder alle terreine ingesluit word en waarvan die intelligensie maar een van die samestellende komponente is.

Die volgende definisies toon dan ook duidelik hierdie twee denkrigtings aan. The American Association for Gifted Children sê: „the term gifted children refers both to children who have an exceptionally high intelligence capacity and to children who are markedly superior in some specific direction as in art, music or social leadership".

Dieselfde standpunt vind ons in „The Gifted Child" wat saamgestel is onder die redaksie van Paul Witty. Die standpunt is dat begaafdheid aangetoon mag word deur 'n hoë intelligensie soos deur tradisionele toetse bepaal of dat dit bepaal kan word deur spesiale vermoëns wat nie noodwendig met 'n hoë I.K. geassosieer is nie. As die begaafdes dus uitgeken moet word, moet metodes gebruik word om 'n hoë intelligensie aan te toon sowel as metodes om spesiale gawes of talente op terreine soos

32/kuns........

kuns, wetenskap, musiek, leierskap en organisasievermoë aan te toon.[2)]

Hierdie groter bekwaamhede kan dus wees op die gebied van een van die kunsvorms of op die meganiese terrein, of op die literêre gebied of op die gebied van die abstrakte denke. Leta Hollingworth stel dit dan ook dat ons aandag moet gee aan alle moontlike rigtings waarin daar uitstaande prestasies kan wees. "In studying gifted children we shall wish to notice those who are superior in their special talents as well as those who are of extraordinary intellectual power."[3)]

Sy trek dan ook 'n besliste skeidslyn tussen algemene intelligensie en talente. Daar is sekere vermoëns wat nie enige korrelasie met ander vermoëns vertoon nie en dit sal nog 'n tyd neem voordat ons oor voldoende kennis van hierdie gespesialiseerde vermoëns sal beskik. Musikale aanleg en die vermoë om te kan teken is twee voorbeelde van vermoëns wat nie met hoë intelligensie korreleer nie. Hierdie gespesialiseerde vermoëns word talente genoem.[4)]

Hollingworth, beskou intelligensie as "the power to achieve literacy and to deal with abstract knowledge and symbols.[5)]

33/Spearman....

---

2) Bristow, W.H. e.a. Identifying gifted children, in Witty, P. (Ed) The gifted child p.10.

3) Hollingworth, Leta, Gifted children: their nature and nurture, p. 30.

4) Ibid., pp. 202 - 221.

5) Pritchard, M.C. Contributions of Leta Hollingworth to the study of gifted children, in Paul Witty, The gifted child, p. 49.

Spearman sien die intelligensie as die vermoë tot abstrakte denke of 'n vermoë om verhoudinge en verskille tussen begrippe in te sien. Hy skryf hierdie vermoë toe aan 'n soort verstandelike energie wat hy die "g"-faktor of algemene intelligensie noem. Naas hierdie groepfaktor is daar dan nog 'n aantal "s"-faktore. "They could be taken, "g" as the amount of general mental energy, and the s's as the efficiency of specific mental engines". [6]

In teenstelling met hierdie bevindinge moet ons egter wys op die gevolgtrekkings wat gemaak is deur Parkyn [7] na sy ondersoek in verband met die begaafde leerlinge in Nu-Zeeland. Hy het ondersoek ingestel na die verspreiding of voorkoms van die begaafdes in Nu-Zeeland en na hulle karaktereienskappe. Hy kom tot die gevolgtrekking dat begaafdheid en hoë intelligensie in die praktyk as identies beskou kan word omdat 'n hoogs intelligente persoon altyd begaafd is en werklike uitblinkers op enige gebied baie selde 'n lae of gemiddelde intelligensie besit. Dit sal dan impliseer dat persone met uitstaande talente in spesifieke rigtings, ook gewoonlik 'n hoë intelligensie het. A.O. Heck [8] kom tot dieselfde gevolgtrekking as Parkyn nadat hy ondersoek ingestel het na die uitdaging wat die begaafdes stel aan die onderwysers, ouers en gemeenskap.

34/ Hulle.........

---

6) Spearman, C. The abilities of man, their nature and measurement, p. 137.

7) Parkyn, G. Children of high intelligence: A New Zealand study, p. 24.

8) Heck, A.O. Education of exceptional children: its challenge to teachers, parents and laymen, p. 314.

Hulle word ondersteun deur Norma V. Scheidemann[9] wat tot die gevolgtrekking kom dat daar so 'n nou verband tussen begaafdheid en hoë intelligensie bestaan dat hierdie twee terme in die praktyk as sinoniem gesien word. Sy beklemtoon ook die feit dat die intelligensie die beslissende faktor is in alle studies oor die begaafdes.

Dit is wel waar dat die intelligensie die belangrikste faktor is by die keuring en bepaling van die begaafdes maar ons moet dit toeskryf aan die redelike konstantheid van die intelligensie en die bepaalbaarheid daarvan deur middel van intelligensietoetse. Dit is dus nie omdat intelligensie die enigste faktor of eienskap van begaafdheid is nie.

Prof. G. Révész, die Nederlandse geleerde, se uitgangspunt is dat 'n persoon slegs as begaafd beskou kan word uit hoofde van reële prestasies wat hy lewer. „Onder begaafdheid in het algemeen willen wij verstaan: een aangeboren en door oefening te ontwikkelen vermogen, waardoor de mens in staat is op een begrensd gebied van werksaamheid prestaties te leveren, die ver uitsteken boven het gemiddelde niveau".[10]

Dit hang dus af van die gemiddelde prestasieniveau van die gemeenskap waartoe die individu behoort hoe hoog sy persoonlike prestasieniveau moet wees voordat hy as begaafd bestempel sal word. Begaafdheid is dus betrek-

35/lik.......

---

9) Scheidemann, N.V. The psychology of exceptional children, Volume 1, p. 231.

10) Révész, G. Talent en genie, p. 5.

lik omdat 'n persoon wat op die een plek as begaafd beskou word maklik op 'n ander plek en in 'n ander gemeenskap as gemiddeld of selfs as onder die gemiddelde beskou kan word.

Révész verdeel arbeid in 4 trappe[11] nl. die reproduktiewe, die applikatiewe, die interpretatiewe en die kreatiewe of skeppende of produktiewe arbeid. Volgens hierdie rigting is alle individue nie tot dieselfde tipe arbeid in staat nie.

Reproduktiewe arbeid, waaronder die nabootsing van geleerde kennis of vaardigheid verstaan word, kan deur almal verrig word. Dit verg min of geen denke nie maar net behendigheid in die uitvoering van die werk en 'n goeie geheue.

Applikatiewe arbeid, wat die toepassing van hierdie verworwe kennis impliseer, kan nie deur sub-normales verrig word nie. Hierdie arbeid vereis 'n hoër mate van intelligensie.

Interpretatiewe arbeid, waaronder verstaan word die uitlê of verduideliking van gedagtes of begrippe waarvoor betekenis en insig nodig is, val ook buite die vermoëns van baie normales.

Kreatiewe of produktiewe arbeid waaronder verstaan word die voortbring van oorspronklike werk op materiële of geestelike gebied, kan alleen deur die geniale of begaafde individu gelewer word. Die begaafde kan dus van al vier die soorte arbeid gebruik maak, maar die minder begaafde persoon is weens sy gebrek aan ver-

36/moëns.......

---

11) Ibid., p. 7 et. seq.

moëns tot die laer trappe beperk.

Hierdie begaafdes het gewoonlik 'n besondere instelling ten opsigte van doeleindes wat hulle vir hulle self gestel het. Hulle arbeid vereis konsentrasie van 'n besondere aard en graad. Révész onderskryf nie die populêre opvatting dat skeppende werk sonder inspanning sommer die kunstenaar binne skiet nie. Hy sê ware skeppende werk is die produk van die werking van geestelike kragte in belang van die gestelde taak.

Hierdie skeppende arbeid word beheers deur die volgende drie magte:[12)]

(i) aangebore begaafdheid,

(ii) die vorming hiervan deur gedurige arbeid en

(iii) hartstog en oorgawe aan die arbeid.

Hierdie begrippe vind hulle oorsprong in drie bronne naamlik: „de vitale, de intellektuele en de emotioneelvolitionele sfeer van de mens."

Dit is dus duidelik dat, volgens Révész se opvatting, 'n persoon wat in kuns of musiek uitblink en produktiewe arbeid op daardie gebied lewer, as begaafd beskou moet word. Die meer algemene opvatting is egter dat onder begaafdheid algemene vermoëns verstaan word en dat spesifieke vermoëns as talente beskou moet word. Hierteenoor beweer Révész en sy volgelinge dat 'n begaafde persoon hom net in een rigting of in verwante rigtings as begaafd openbaar. „Talenten, die op sterk uiteenlopende gebieden produktief werkzaam zijn, vind men zeer zelden." [13)]

37 /Hierdie.....

---

12) Ibid., p. 11.

13) Ibid., p. 22.

Hierdie denkrigting staan teenoor denkers soos Galton wat beweer dat 'n begaafde groter insig in nuwe omstandighede vertoon en oor groter vermoëns beskik om vreemde situasies te hanteer as waarvoor selfs sy vriende hom krediet sou wou gee.[14)]

Die ou opvatting dat die begaafde of geniale persoon gewoonlik nie tot enige noemenswaardige prestasies op die terrein van handearbeid in staat is nie, word deur navorsing wat gedurende die laaste aantal jare gedoen is, weerlê. Die bevindings was dat die begaafde ook op die tegniese gebiede beter as die normale persone presteer het. Hildreth en ander sê dat die algemene opvatting bestaan het dat die begaafde persone beter presteer het in boekgeleerdheid as in situasies waarvoor handvaardigheid nodig was. As hierdie begaafde leerlinge se prestasies in kunsvlyt of in die wetenskaplaboratorium, of hulle vaardigheid in musiek met die prestasies van die gemiddelde groep vergelyk word, blyk dit dat die begaafdes ook op hierdie terrein hoër prestasies behaal.[15)]

Parkyn,[16)] Terman[17)] en Hollingworth[18)] kom almal tot die gevolgtrekking dat 'n hoë algemene intelligensie die begaafde karakteriseer en dit beteken die vermoë om op alle gebiede bo die gemiddelde te presteer "with

38 /comparable....

---

14) Galton, F. Heriditary genius, p. 21.
15) Hildreth, G.H. e.a. Educating gifted children, p. 64.
16) Parkyn, G.W. a.w. p. 12-13.
17) Carmichael, L. Manual of child psychology, p. 903.
18) Hollingworth, L.S. a.w. p. 299.

comparable amounts of training and experience." [19]

Ons wil dus as begaafdes beskou almal wat 'n bo-gemiddelde intelligensie besit maar ook daardie persone wat op spesifieke gebiede presteer, d.w.s. daardie persone wat sekere talente in sekere rigtings toon. Omdat dit uiters moeilik is om die verskillende talente vas te stel en 'n kind se aanleg daarin te bepaal is in hierdie studie baie waarde aan die I.K. as onderskeidende faktor geheg. Die I.K. word egter nie as die enigste maatstaf vir die bepaling van die begaafdes aangewend nie. In hierdie studie word begaafdheid bepaal deur die resultate wat in die intelligensietoetse behaal is, maar ook deur die resultate wat in die skooleksamens in die vak Rekenkunde behaal is. Ons sal ook bepaal of dieselfde persone met die verskillende kriteria as begaafd aangetoon word. Ons beskou dus as begaafd die persone met 'n hoë intelligensievermoë maar ook die met hoë prestasies in Rekenkunde.

3. Verspreiding van die begaafdes.

Die grens van die I.K. van begaafdes is arbitrêr. Verskeie ondersoeke is al op hierdie gebied gedoen om die voorkoms van persone met 'n hoë intelligensie te bepaal. Dit is al aanbeveel[20] om die term te beperk tot die hoogste 1% van die bevolking maar sommige navorsers het hulle beperk tot die boonste ½%.
Dit is egter baie moeilik om 'n spesifieke grens vir begaafdheid deur middel van 'n getal aan te toon. Is die persoon met 'n I.K. van 130 begaafd en die een met 'n I.K. van 129 nie begaafd nie? Omdat daar so 'n groot aantal ander faktore is wat die totaliteit van die mens bepaal, is so 'n definitiewe lyn nie moontlik nie.

Terman bevind dat ± 2.9% van die monster van die bevolking 'n I.K. van hoër as 125 het. Hy en Hollingworth beskou dan ook die begaafde groep as die boonste 1% van die bevolking. [21]

39/Parkyn........

---

19) Hildreth, G.H. a.w. p. 64.
20) Venter, E.H. a.w. p. 63.
21) Mentz, J.C. a.w. p. 32.

Parkyn[22] het met sy Nu Zeelandse studie bevind dat ± 2% van die leerlinge 'n I.K. van 130 en hoër het. Hy het egter vir sy proef 120 as grens geneem wat volgens sy monster ± 5% van die proefpersone ingesluit het.

In die onderhawige studie het die monster uit 2728 St. 4 en 5 leerlinge bestaan. Die leerlinge het 40 verskillende Afrikaanse laerskole in die Transvaal besoek. Die skole kan soos volg verdeel word:

| | |
|---|---|
| Stedelike of groot plattelandse dorpe........................ | 20 skole. |
| Kleiner plattelandse dorpe..... | 12 skole. |
| Plaasskole...................... | 8 " |
| TOTAAL............. | 40 |

'n Opname van die I.K.'s van die monster leerlinge uit die 40 skole, het die volgende resultate gegee. Hierdie I.K.'s was bepaal met die N.S.A.G.-toets.

| | Aantal | Presentasie | |
|---|---|---|---|
| I.K.'S onder 85...... | 235 | 8.61 | 15.17 |
| 85 - 89...... | 179 | 6.56 | |
| 90 -109...... | 1471 | 53.92 | 75.95 |
| 110 -119...... | 601 | 22.03 | |
| 120 -129...... | 173 | 6.34 | 8.87 |
| 130+.......... | 69 | 2.53 | |
| | 2728 | 99.99 [23] | |

Ons sien dus dat van hierdie monster 2.53% se I.K. hoër as 130 was teenoor die bevindings van Terman en Hollingworth dat net 2% bokant 130 I.K. toets. Ons vind ook dat

40/8.87%......

22) Parkyn, G.W. a.w. p.14.

23) Omdat die persentasies benader is, is die som nie presies 100% nie.

8.87% bokant 120 getoets het teenoor 5% soos deur Parkyn bevind is. Dus beskik hierdie 8.87% of 242 leerlinge oor 'n verstandelike vermoë van ver bo die gemiddelde. Die vraag ontstaan of hulle werk van bo die gemiddelde gelewer het? 'n Ontleding van die prestasies wat hulle in Rekenkunde gelewer het, word in Hoofstuk IV behandel.

4. Kenmerke van die begaafde persoon

a. Verstandelike vermoë

Alhoewel hoë verstandelike vermoë nie die enigste kenmerk van die begaafde is nie, moet dit tog as een van die belangrikste beskou word want 'n persoon se intelligensie bly binne perke konstant. Kinders wat op 7-9 jarige ouderdom in die boonste 1% van die kinderbevloking toets, toets weer in die boonste groep tot in hulle gryse ouderdom. Ons weet die gawe van 'n hoë intelligensie is permanent. Hierdie kinders word nie skielik dom nie.[24)]

Alhoewel intelligensie as die maklik-meetbare en relatief-konstante eienskap gebruik word om begaafdes deur toetsing uit te soek, moet die ander eienskappe van begaafdes nie oor die hoof gesien word nie. Dit is egter waar dat Hollingworth, Terman, Spearman en Parkyn almal die intelligensie as basis vir die bepaling van die begaafdes kies. Biesheuwel sluit hierby aan as hy sê dat intelligensie die vermoë is om ingewikkelde situasies te ontleed, korrekte gevolgtrekkings te maak,

41/insig.....

---

24) Hollingworth, L.S. The early training and the selection of leaders, Teachers' College Record, XI: 7, pp.578-579

insig in die probleme te verkry en daarna die korrekte oplossings te vind. Om hierdie redes kies hy dan ook die intelligensie as basis vir keuring.[25)]

Hierdie begaafdes besit gewoonlik 'n groot mate van verstandelike krag of deursettingsvermoë.[26)] Hulle reageer vinnig en het gewoonlik 'n skerp waarnemingsvermoë.

b. Lewer uitstaande prestasies

Begaafde leerlinge lewer gewoonlik uitstaande prestasies op verskillende terreine. Hulle presteer gewoonlik beter as ander leerlinge van dieselfde ouderdomsgroep. Volgens Révész is hulle al groep wat tot oorspronklik-produktiewe of skeppende werk in staat is. Hulle kan dus aan die oorspronklikheid van hulle werk uitgeken word. Scheifele [27)] sluit by Révész aan en sê dat hierdie begaafdes inisiatief aan die dag lê en geneig is tot skeppende werk. Hulle hou nie van roetinewerk nie. Die prestasies van begaafdes is soms veelsydig. Ander van hierdie begaafdes openbaar weer meer besondere aanleg in spesifieke rigtings soos skilderkuns, voordrag of musiek. Hierdie uitstaande talente kan maklik in die klaskamer deur die onderwyser opgemerk word. Ons vind ook dat hierdie leerlinge spontaan 'n wye belangstelling openbaar. Hulle lees baie, beoefen stokperdjies en maak gewoonlik versamelings van die dinge waarin hulle belang stel.

/ 42/ c. ........

25) Biesheuwel, S. The nation's intelligence and its measurement, p. 2.

26) Brislow, H.W. e.a. soos aangehaal deur Witty, P. a.w., p. 14.

27) Scheifele, M. The gifted child in the regular

c. Ouderdomspeil

Die begaafde kind is verstandelik minstens twee of drie jaar voor sy maats van dieselfde kronologiese ouderdom. Indien die kinders dus volgens kronologiese ouderdomme in klasse gehou word, vind ons 'n posisie waar die begaafde verstandelik twee jaar voor die kinders is met wie hy saamgegroepeer is. Die gevolg is dat die gemiddelde begaafde leerling 2 tot 3 grade benede sy ontwikkelingspeil gehou word. Hy word dus 2 of 3 jaar vertraag. 28)

d. Liggaamlike eienskappe

Die ou opvatting dat begaafde leerlinge liggaamlik swakker as die normale groep is, word deur alle navorsing weerspreek. Die algemene bevinding is eerder dat hierdie groep die normale groep oortref wat liggaamsgesteldheid betref. Hulle is gewoonlik effens langer en swaarder as die normale groep en leer gouer loop en praat. Ons verwys hier na Hildreth 29)se standpunt soos in hierdie studie aangehaal. Ons kan egter nie veralgemeen nie want baie begaafdes is groot en sterk maar ons kry tog ook baie begaafde leerlinge wat wel klein en liggaamlik swak is. Liggaamsbou is nie 'n deurslaggewende kenmerk nie. Ons kan ook nie aanvaar dat alle groot en gesonde leerlinge wel begaafd is nie, want die omgekeerde is ook soms waar. Dit kom ook voor

43/dat.........

---

28) Terman, L.M. e.a. Genetic studies of genius, Volume IV, p. 23.

29) Hildreth, G.W. Educating gifted children, p. 64.

dat 'ngroot en gesonde liggaam 'n baie klein gees en 'n klein verstand herberg.

e. Sosiale eienskappe

Dit is soms gevaarlik om te veralgemeen maar uit navorsing blyk dit dat sosiale wanaanpassing onder begaafde kinders die uitsondering is en nie die reël nie. Hulle kom gewoonlik goed met ander kinders klaar,[30] is populêr op die speelgrond,[31] soms gebeur dit ook dat hierdie kinders op grond van hulle gevorderdheid, verkies om met ouer kinders te speel.[32]

Dit is egter ook 'n feit dat 'n begaafde wat wel sosiaal wan-aangepas is, die grootste gevaar vir die gemeenskap inhou vanweë die groot verstandelike potensialiteite wat dan in die verkeerde rigting aangewend word. Die gevaarlikste bendeleiers was dan ook almal wanaangepaste begaafdes.

f. Etiese eienskappe

Begaafde kinders presteer in karaktertoetse beter as die ander.[33] Hulle is betroubaarder, hulpvaardiger, vrygewiger en gehoorsamer.

Behalwe hoë intelligensie vertoon hulle eienskappe soos sterk wilskrag, volharding, betroubaarheid, opgeruimdheid, intellektuele beskeidenheid, fisiese en emosionele kontrole en stabiliteit en sosiale aanpasbaarheid.[34]

44/Thorndike...

---

30) Hollingworth, L.S. Gifted children: their nature and nurture, p. 119.
31) Bentley, J.E. Superior children, p. 26.
32) Scheifele, M. a.w., p. 7.
33) Terman, L.M. a.w., p. 24.
34) Bentley, J.E. a.w., p. 31-33.

Thorndike het ook op hierdie sterk korrelasie tussen intelligensie en moraliteit gewys.[35] Cyril Burt het gevind dat 82% van alle delinkwente kinders 'n I.K. van onder 100 het. Net 2.5% van die delinkwente, wat hy ondersoek het, het 'n I.K. van oor die 115 gehad.[36] Hierdie gegewens staaf die bewering dat begaafdes hoër etiese standaarde handhaaf.

g. Emosionele eienskappe

Ruth Strang gee 'n kort oorsig om aan te toon dat hierdie kinders die normale groep oortref wat betref emosionele rypheid en bestendigheid. Hulle toon minder gedragsafwykings en op hoër ouderdom kom minder kranksinnigheid, selfmoord, misdadigheid, alkoholisme of homoseksualisme voor.[37]

Leta Hollintworth sê dat begaafdes stabiele persone is en dat neuroses selde by hierdie groep aangetref word.[38] Die prestasies van begaafde leerlinge in persoonlikheidstoetse en emosionele toetse was hoër as die van die gemiddelde leerlinge. Hulle besit selfvertroue, 'n goeie humorsin, hulle is opgewek, toon tekens van leierskap, hulle is eerlik, vrygewig, betroubaar en populêr.[39]

45/Ons..........

---

35) Thorndike, E.L. How may we improve the selection, training and life-work of leaders? Teachers' college record, XI:7, p.596.

36) Burt, C. The young delinquent, p. 294-299.

37) Strang, R. Mental hygiene of gifted children, in Witty, P. The gifted child, p. 133.

38) Hollingworth, L.S. Gifted children: their nature and nurture, p. 147.

39) Boynton, P.L. Personality, it's nature and development, in Skinner, C.E. (Ed) Educational psychology, p. 581-582.

Ons moet egter waak teen die neiging om te veralgemeen en daarom wil ons ons eerder vereenselwig met die volgende standpunt:

> "Gifted children do not fall into a single pattern but into an infinite variety of patterns. One can find within the group individual examples of almost every type of personality defect, social maladjustment, behavior problem and physical handicap; the only difference is that among gifted children the incidence of these deviations is, in varying degrees, lower than in the general population." 40)

5. Maniere om die begaafde te identifiseer

Al die navorsers beklemtoon die belangrikheid van vroeë identifisering van die begaafde met die oog op eerstens moontlike differensiasie d.w.s. om vir hierdie kinders 'n program aan te bied wat by hulle moontlikhede pas en tweedens om hulle op te lei as die toekomstige leiers. Prof. Hollingworth beklemtoon herhaaldelik die belangrikheid van hierdie vroeë ontdekking van die begaafdes. [41)]

In 'n verslag wat in 1950 in Amerika verskyn het, word dit gestel dat die Amerikaanse samelewing behoefte het aan bekwame leiers, en dat hierdie leiers uit sy bekwaamste lede getrek moet word. Hierdie uitgesoekte persone moet dan aan 'n spesiale opvoedingsprogram onderwerp word. Dit is onverantwoordbaar as die verlies aan menslike vermoëns voortgaan. [42)]

46/Daar......

40) Witty, P. The gifted child, p. 25.

41) Pritchard, M.C. Contributions of Leta Hollingworth in Witty, P. (Ed) The gifted child, p. 50.

42) Educational policies commission of the national educational association of the U.S.A.: Education of the gifted, 1950.

Daar bestaan hoofsaaklik twee maniere waarop hierdie begaafde kinders geïdentifiseer kan word.

a. <u>Deur toetsing en verwerking van die resultate</u>

(1) <u>Intelligensietoetse</u>

Afgesien van al die kritiek teen hierdie toetse bly dit nog die belangrikste enkele toets vir die bepaling van begaafdheid. Hierdie mening word ook gehuldig deur Bristow [43] en sy medewerkers. Ons moet, volgens Bavinck, [44] by die gebruik van die I.K.-toetse dit in gedagte hou dat daar wel foute mag wees as gevolg van foutiewe standaardisering, onreëlmatige groei van die intelligensie of die invloed van kulturele faktore. Biesheuvel sê dat die intelligensie-kwosiënt soos bepaal deur die S.A.G.T. en soortgelyke toetse 'n redelike betroubare indikasie van die vermoëns gee en dat dit die heterogene skoolbevolking goed differensieer. [45] Hierdie toets toon egter nie alle verskille tussen kinders aan nie.

Standaard intelligensietoetse meet spesifieke kennis en tegnieke om probleme op te los wat deur die leerling voor die toetsing opgedoen is. Verstandsouderdom word direk bepaal deur die hoeveelheid kennis en die vaardigheid in die toepassing van die tegnieke. As die kind se kronologiese ouderdom, dit wil sê die tyd wat hy gehad het om die kennis op te doen, in ag geneem word,

47 /kry.........

---

43) Bristow, G.W. e.a. a.w. p. 14.

44) Van der Zweep, L. De paedagogiek van Bavinck, p.67.

45) Biesheuvel, S. a.w. p. 16.

kry ons sy leertempo en hierdie leertempo word uitgedruk as I.K.

Die geldigheid van die I.K. as 'n maatstaf van 'n persoon se leervermoë hang ten nouste af van die geleentheid tot leer wat die kind gehad het, met ander woorde sy ervaring. Omdat I.K.-toetse opgestel is om skoolvordering te voorspel, toets dit hoofsaaklik die kennis en vermoëns wat in die skool verlang word. Hierdie kennis en vermoëns is eintlik voorvereistes vir leer op skool. Dit is dan om hierdie rede dat verwaarloosde kinders, nadat hulle in 'n beter omgewing geplaas is, na verloop van tyd beter presteer in I.K.-toetse.[46)] Dit moet nie gesien word as 'n groei in hulle intelligensievermoë nie dog veel eerder dat hulle altyd oor die intelligensievermoë beskik het, maar eers nadat hulle sekere ervarings opgedoen het, in staat is om hulle vermoëns ten volle te eksploiteer.

Die resultate van die I.K.-toetse stel ons in staat om die persentielrang vir die persoon te bepaal. Persentielrang kan omskryf word as 'n punt op 'n 100 punt-skaal wat aandui hoeveel tellings benede die spesifieke punt val. Anders gestel: Dit dui aan wat die persoon se posisie sal wees in 'n verteenwoordigende groep van 100 leerlinge van sy eie ouderdom, as hulle in volgorde volgens die telling wat hulle in I.K.-toetse behaal het, van die laagste na die hoogste geplaas word.

Die veld van verwagte prestasies word dan ook volgens die persentielrang vasgestel. 'n Speling van 5 punte bo en

48/vyf..........

---

46) Wentzel, J.A.T. Die invloed van die omgewing op die skolastiese prestasies van verwaarloosde stadskinders, M-Ed. verhandeling, p. 173.

5 punte onder die persentielrang word toegelaat. Die veld van verwagte prestasie gee dan aan die kind 'n speling van 10 punte. As die persentielrang 63 is, sal die veld van die verwagte prestasie tussen 58 en 68 lê. Dit word dan verwag dat die prestasies van die kind binne hierdie veld sal val.

(2) Gestandaardiseerde skolastiese toetse

Hierdie toetse kan 'n baie goeie doel dien. Volgens Spearman[47)] bestaan daar tog 'n baie hoë korrelasie tussen geleerde kennis en die intelligensie. Die resultate wat in gestandaardiseerde toetse behaal is, kan aangewend word vir die verdeling van leerlinge in groepe. Hierdie gestandaardiseerde toetse dui vertraging ook baie duidelik aan.

Dit gee ook aan die onderwyser 'n duidelike aanduiding van die algemene peil van die klas of kind in vergelyking met die gemiddelde vir die betrokke standerd.

(3) Aanlegtoetse

Hierdie toetse is veral waardevol in gevalle waar 'n persoon vir 'n spesiale aanleg getoets word soos musikale aanleg, kunsaanleg of 'n aanleg in die meganiese of tegniese rigting. Die grootste waarde van hierdie toetse lê dus in die bepaling van studierigtings of vir beroepsvoorligting. Die resultate wat in I.K.-toetse behaal is, kan deur middel van aanlegtoetse aangevul word om 'n volledige beeld van die leerling met al sy potensialiteite te verkry.

(4) Skooltoetse

Die studie van die kind se prestasies in sy skoolvakke

49/gee........

---

47) Spearman, C. The abilities of man, their nature and measurement, p. 277.

gee 'n goeie beeld van die kind se intelligensie. Spearman bevind dat die algemene informasie in verband met leerlinge die intelligensie baie swak toets terwyl die prestasies wat in die skoolwerk behaal is, 'n baie beter aanduiding van die intelligensie gee.[48] Hy het dan ook 'n korrelasie van .83 tussen leerstofkennis en intelligensie gevind.

b. <u>Deur observasie</u>

Informasie kan by die persone aan wie die kind goed bekend is, ingesamel word.

(1) <u>Die ouers</u>

Die ouers kan informasie verskaf oor die vroeë geskiedenis van die kind soos op watter ouderdom hy/sy geloop het, tande gekry het en begin praat het. Verder kan hulle informasie verskaf oor die algemene gesondheidstoestand van die kind. Hulle kan ook rapporteer oor aspekte soos betroubaarheid, gehoorsaamheid, hulpvaardigheid en so meer. Informasie wat van die ouers verkry is, is soms nie betroubaar nie omdat hulle te na aan die kind staan en omdat hulle die kind se optrede in die gesin oordeel aan hulle persoonlike eise en nie altyd volgens algemeen aanvaarde beginsels nie. Hulle beoordeling is geheel en al subjektief.

(2) <u>Familie en bekendes</u>

In 'n groot mate sal hulle beoordeling ook subjektief wees maar nie in dieselfde mate as die van die ouers nie. Hulle sal 'n objektiewer prentjie van sy maniere, gedrag, en so meer, skilder.

50/(3).........

48) Spearman, C. a.w. p.277.

(3) Die onderwyser

As die onderwyser 'n studie maak van sy klas, behoort hy in staat te wees om 'n redelike beeld van elk van die kinders te kan gee. Verna White sê dat 'n kind se gedrag net verstaan kan word as elkeen bestudeer word as 'n individu en gesien word in sy eie omgewing.[49] Die vraag ontstaan egter of dit moontlik is vir die onderwyser om 'n deeglike studie van die individuele kinders in die klas te maak? Die probleem word vererger deur die huidige groot klasse maar dit bly noodsaaklik dat die onderwyser elke kind in sy klas moet ken, nie net in die skool nie maar ook in sy huislike omstandighede. Dit is 'n moeilike taak as die huidige groot klasse in gedagte gehou word. Dit is egter nie net moontlik nie maar dit is noodsaaklik. Dit word dan ook reeds in baie streke gedoen. Dit moet dan ook vir elke onderwyser moontlik gemaak word deur die administrasie om sy leerlinge se ouers te besoek. Sy ander pligte moet verminder word sodat hy die tyd vir hierdie besoeke kan inruim.[50]

A.O. Heck stem saam dat die onderwyser in staat is om 'n baie goeie beeld van die kind op te bou as hy net die volgende in gedagte hou:

i. hy moet kan sien as 'n kind te jonk is en dan moet nie te veel verwag word nie,

ii. hy moet kan sien as 'n kind te oud is en dan moet hy nie te min van hom verwag nie,

iii. die opgeruimde plesierige kind moet nie oorskat word nie,

51/ iv.........

---

49) White, V. Studying the individual pupil, p7.

50) Ibid., p. 41.

iv. die nors, moeilike kind moet nie onderskat word nie,

v. die arm, swak geklede kind moet nie onderskat word nie,

vi. die kind wat baie gunsies vir die onderwyser doen, moet nie oorskat word nie,

vii. die kind wat 'n besliste antipatie teen die onderwyser het en alles doen om die onderwyser se taak te bemoeilik moet nie onderskat word nie. [51)]

As die onderwyser sy kinders ken, kan skattingskale vir sy klas voltooi word. Op die verslagkaart word punte vir persoonlikheidstrekke en gedrag volgens 'n vyfpunt-skaal ingevul. 'n Profielkaart [52)] kan vir elke kind geteken word. Hierdie profielkaart gee dan 'n saamgestelde oorsigtelike beeld van die kind.

6. <u>Hantering van die begaafdes in die gewone laerskole</u>

Die vraag ontstaan wat ons met die begaafde persoon wil bereik? Wil ons 'n persoon hê wat oor alle kennis beskik en op enige oomblik die geleerde kennis kan weergee of wil ons 'n persoon hê wat self kan dink? Paul Torrance vat die doel mooi saam as hy sê: „What is needed is the kind of human being who is comfortable with change, who is able to improvise, who is able to face new situations. We need the kind of person who can respond to change contructively rather than merely adapting or adjusting to change." [53)]

52/Ons........

---

51) Heck, A.O. Education of exceptional children, p. 406.

52) Bentley, J.E. a.w., pp. 114-120.

53) Torrance, E.P. What kinds of persons do we want gifted children to become? <u>High School Journal</u>, Vol 48: no. 2, November 1964, p. 89.

Ons moet dus die leerlinge, en veral die begaafdes motiveer en toerus met die nodige vaardigheid sodat hulle vir die res van hulle lewens sal kan dink: Ons moet nie so seer bekommerd wees oor wat die kind weet nie maar oor wat hy met sy kennis kan verrig. Hy moet selfstandig en doelgerig kan dink en leer. 54)

Almal is bewus van die individuele verskille tussen die kinders in die klas. Hoe om hierdie kinders te behandel om aan elkeen reg te laat geskied, is 'n probleem wat reeds deur baie navorsers ondersoek, en waaroor daar boekdele geskryf is. Om 'n oorsig oor hierdie probleem te gee, sal die volgende aspekte behandel moet word naamlik:

a. Versnelling.

b. Verryking.

c. Homogene groepering in spesiale klasse of spesiale skole.

a. Versnelling

Die beginsel van versnelling impliseer dat die begaafde leerling in die posisie gestel word om die voorgeskrewe werk in 'n korter tyd as wat daarvoor voorgeskryf is te voltooi. Die leerlinge moet dus teen hulle eie tempo werk. Hulle moet dus nie gebonde wees aan die werkstempo van die ander kinders in die klas of skool nie. Dit is dus dadelik duidelik dat, om aan hierdie vereiste te voldoen, ons 'n algemene individuele stelsel van onderrig sal moet hê. Hierdie idee van versnelling pas baie goed aan by die Winnetkaplan 55) wat deur C. Washburne ontwerp is en by die

53/Daltonplan.....

---

54) Ibid., p. 88.

55) Taute, B. Opvoedende onderwys, p. 129.

Daltonplan[56] van mej. H. Parkhurst omdat hulle van individuele onderwysmetodes gebruik gemaak het.

Versnelling moet nie verwar word met die „spring" van 'n standerd nie. In die geval van versnelling word al die werk gedoen. Die leerling moet elke standerd volledig deurloop maar al verskil is dat hy nie 'n jaar aan die standerd se werk bestee nie dog as hy die werk voltooi het, moet hy na die volgende standerd gepromoveer word. Hy begin dan met die nuwe standerd se werk al is dit ook in die middel van die jaar In die geval waar die leerling 'n standerd „spring", dit wil sê die werk oorslaan, is daar werk wat hy nie gedoen het nie. Opvoedkundiges veroordeel „spring" omdat dit gapings in die kind se ervaring en dus in sy kennis en ontwikkeling laat ontstaan. Hierdie gapings ontstaan nie as versnelling toegepas word nie want dan word die hele leergang wel gedek.

Omdat ons in die laerskole hoofsaaklik van klassikale onderwys gebruik maak, kan versnelling beswaarlik ingevoer word. Dit is egter noodsaaklik en almal is bewus daarvan, dat iets vir die begaafdes gedoen moet word want hulle is so intelligent dat hulle baie min tyd nodig het om hulle werk te voltooi. Die meeste van hulle tyd bring hulle ledig deur.[57]

As ons doel met die primêre onderwys die totale ontwikkeling van die individuele kind is, mag ons nie toelaat dat die begaafde kind net met die normale program belas word

54/nie..........

---

56) Ibid., p. 133.

57) Holsogi, S.K. Education of talented pupils in secondary schools, <u>Teaching, a quarterly technical journal for teachers</u>, Vol XXXVII: no.2, Desember 1964, p.68.

nie.[58] Die kritiek dat gedurende die proses van versnelling die kind „gedruk" en „geforseer" word, hou nie strook nie. Versnelling is veel eerder die metode waar die kind se vordering in ooreenstemming met sy verstandsouderdom gebring word.[59] Hy word nie ten alle koste „gedryf" nie maar die doel moet wees om 'n beter korrelasie tussen verstandsouderdom en skoolvordering te bewerkstellig. Hierdie versnelling kan in sekere gevalle wel gevaarlik wees. Neem as voorbeeld 'n kind van 7 jaar met 'n I.K. van 140. Sy verstandsouderdom sal dan ± 10 jaar wees. Hy kan egter nie so ver versnel word nie omdat die kind hom dan nie by sy klasmaats sal kan aanpas nie. Hy sal liggaamlik sowel as sosiaal en emosioneel nog nie ryp wees vir sy omgewing nie. Omdat hy baie jonger en kleiner as die ander kinders in sy klas sal wees, sal hy moeilik by die klasaktiwiteite kan aanpas. Die meubels in die lokale sal vir hom te groot wees. Sy handskrif sal nog swak wees en hy sal stadiger as die ander skryf. Hy sal dus altyd afsteek.[60]

Parkyn beklemtoon dit dat die feite in logiese volgorde in die leergang verskyn en dat voldoende tyd aan die konsolidering van die feite bestee moet word. Klem moet nie op spoed ten koste van konsolidering gelê word nie.[61]

Terman noem egter die volgende voordele van versnelling:

i. dit is 'n aansporing tot groter inspanning,

ii. dit verhoed lakse werkmetodes en verspilling van tyd,

iii. dit maak 'n vroeë voltooiing van opleiding moontlik,

55/ iv.......

---

58) Bassett, G.W. Each one is different, Navorsing-opvoedkundig en maatskaplik, Vol 15: no 2, Desember 1964, p. 13.

59) Mentz, J.C. Metodes en middele vir die uitkenning en beter aanpassing van die begaafde kind, p.71.

60) Pritchard, M.C. a.w. p. 52.

61) Parkyn, G.W. a.w. pp. 135-137.

iv. 'n vroeë huwelik is dan moontlik en

v. die totale koste van die opleiding word verminder.[62]

Terman is 'n baie groot voorstander van versnelling en alhoewel hy erken dat die moontlikheid bestaan dat die te jong kind sosiaal moeilik sal aanpas, glo hy dat dit uitgeskakel kan word deur meer jong kinders te promoveer sodat hy nie alleen sal wees nie.[63]

Verder stel hy dit dan ook dat dit baie goed sal wees as almal met 'n I.K. van 135+ so versnel word dat hulle tot die universiteit toegelaat word, op die laatste as hulle 17 jaar is, maar hy reken nog dat dit beter sal wees as hulle reeds op 16-jarige leeftyd toegelaat kan word.[64]

In Suid-Afrika is dit egter 'n algemene opvatting dat studente te jonk is as hulle tot die universiteite toegelaat word. Malherbe en Cook het bevind dat die mediaanouderdom van Suid-Afrikaanse studente by toelating 18.2 jaar is.[65] Sal dit raadsaam wees om hulle nog jonger aan die universiteit te hê? Terman se argument is dat hierdie persone jonger in die huwelik sal tree en gevolglik groter huisgesinne sal hê.[66] Malherbe en Cook het bevind dat jonger studente nie swakker vaar in hulle akademiese studies as die ouer studente nie.[67]

56/Boardman......

---

62) Terman, L.M. Genetic studies of genius, Vol IV, p.264.

63) Ibid., p. 28.

64) Ibid., p. 28.

65) Malherbe, E.G. & Cook, P.A.W. The relationship of entrance age of university students to their academic success, p. 120.

66) Terman, L.M. a.w. p. 264.

67) Malherbe & Cook, a.w. p. 123.

Boardman,[68] Payne,[69] Hollingworth,[70] Parkyn[71] en Pressey[72] ondersteun almal die beginsel van versnelling.

Die groot beswaar teen die hele beginsel van versnelling is dat dit geheel en al nie by ons huidige skoolorganisasie sal inpas nie. Daar ons hele stelsel ingestel is op klassikale onderrig en groepering in standerds, sal promosies en oorplasings gedurende die jaar groot verwarring skep en sal die kind wat gedurende die kwartaal gepromoveer word, heeltemal verwar en ontwortel wees.

Hierdie stelsel waar promosie enige tyd geskied, sal ideaal wees in 'n stelsel van individuele onderwys, maar in ons huidige stelsel met sy klasikale indelings kan dit net tot chaos lei.

b. <u>Verryking</u>

Die groot verskil tussen verryking en versnelling is dat in die geval van versnelling, die werk wat vir 'n sekere standerd voorgeskryf is, in 'n korter tyd afgehandel word en die kind dan na die volgende standerd gepromoveer word. Terman beskou as versnel daardie kinders wat reeds 2 jaar of meer voor die ander kinders van dieselfde kronologiese ouderdom is. Hulle het dus reeds 2 jaar of meer op hulle ouderdomsgroep gewen. Onder verryking word verstaan dat die kind vir die hele jaar in sy standerd bly, dat hy die voorgeskrewe werk vir die betrokke standerd doen, maar dat sy program nog aangevul word. Hierdie aanvulling kan op verskeie maniere geskied. Wat egter dadelik duidelik word, is dat

57/saam......

---

68) Boardman, C.W. Findings from selected studies on early admission to college, <u>The School Review</u> II: 8, p. 461.

69) Ibid., p. 462.

70) Hollingworth, L.S. a.w. pp. 131-135.

71) Parkyn, G.W. a.w. p. 138.

72) Pressey, S.L. Age of college graduation and success in adult life, <u>Journal of applied psychology</u>, XXX: no 3, p. 232.

saam met verryking 'n sekere mate van versnelling noodsaaklik is, want van die begaafde word verwag om die gewone plus addisionele werk in die tyd af te handel wat deur die normale groep vir die afhandeling van die gewone werk nodig is. Die gewone werk moet dus gouer afgehandel word, wat dus van die begaafde 'n hoër werkstempo vereis, en die addisionele werk moet voldoende en geskik wees om hom ten volle, produktief en met vrug besig te hou.

Daar is baie navorsing in verband met verryking gedoen. Osburn en Rohan, 73) Horn,74) Kellegg,75) Granger76) Hildreth,77) Terman,78) Parkyn79) en Hollingworth80) het almal die aangeleentheid ondersoek en alhoewel hulle oor sekere aspekte verskil, tot die gevolgtrekking gekom dat 'n aanpassing in die onderwysprogram van die begaafde leerlinge noodsaaklik is.

Hulle moet 'n verrykte program volg om by hulle moontlikhede aan te pas. Hierdie verryking kan kwantitatief of kwalitatief wees. Onder kwantitatiewe verryking word verstaan waar van die leerlinge verwag word om meer te doen as

58/wat..........

---

73) Osburn, W.J. en Rohan, B.J. Enriching the curriculum for gifted children, p.5.

74) Horn, J.L. Education of exceptional children, p.115.

75) Kellegg, R. Skills instruction for the gifted child in the regular classroom. <u>National Elementary Principal</u>, Vol. XXIX: Des. 49, pp. 37-40.

76) Granger, G.A. Techniques in stimulating and guiding the reading activities of superior learners in the primary grades: <u>Supplementary Educational Monographs</u>. pp. 158-162.

77) Hildreth, G.W. e.a. Educating gifted children, p. 262.

78) Terman, L.M. a.w. Vol. IV, p. 264.

79) Parkyn, G.W. a.w. p. 157.

80) Pritchard, M.C. a.w. p. 60.

wat van die gewone leerling verwag word. Hierdie addisionele werk kan bestaan uit meer oefeninge van dieselfde soort en graad van werk. Hierdie tipe verryking is miskien 'n metode om die kind besig te hou maar dit is al wat ten gunste daarvan gesê kan word. Terman sê dan ook dat verryking ongelukkig in die meeste gevalle niks anders is as 'n vermeerdering van dieselfde tipe werk nie. Die enigste voordeel is dat dit die kind besig hou sodat hy nie sal kwaad doen nie.[81] Al wat in hierdie geval werklik gebeur is dat die begaafde meer oefening in sekere vaardighede kry en dus meer geleentheid tot vaslegging van die begrippe kry maar navorsing het reeds herhaaldelik bewys dat die begaafde die herhaling juis nie nodig het nie. Hy leer gouer en makliker en dus is herhaling in 'n groot mate oorbodig en werk net verveling in die hand.

Kwantitatiewe verryking kan ook geskied deur addisionele vakke tot die program van hierdie begaafdes toe te voeg. Horn [82] en Parkyn [83] voel baie sterk daarvoor dat met die onderrig van 'n moderne vreemde taal reeds in die laerskool 'n aanvang gemaak kan word. Horn,[84] Hollingworth [85] en Goddard [86] bepleit ook die toevoeging van tikskrif tot die program van begaafdes.

Hildreth stel dit dat die emosionele ontwikkeling van die begaafde soms verwaarloos word terwyl sy verstandelike bekwaamheid te veel op die voorgrond gestoot word.[87]

59/Sy.......

---

81) Terman, L. M. a.w. Vol. IV, p. 264.

82) Mentz, J.C. a.w. p. 98.

83) Ibid., p. 99

84) Horn, J.L. a.w. p. 125.

85) Pritchard, M. a.w. p. 61.

86) Goddard, H.H. School training of gifted children, p.101.

87) Hildreth, G.H. Educating gifted children, pp. 191-201.

Sy noem die prosedure wat aan die „Hurter College" gevolg word om gesonde aanpassing te verseker. Die kind neem aan buiteaktiwiteite deel en sodoende word hy by die groep ingeskakel. Hulle word dus nie as alleenlopers groot nie. Die bekwaamheid van elke kind word erken en aangeprys om by hom 'n gevoel van eiewaarde te laat ontwikkel. Hulle kry die geleentheid om op te tree en sodoende leierskap te ontwikkel. Hulle kry leiding ten opsigte van gesindhede soos verdraagsaamheid en goeie maniere. Daar word 'n informele omgang gekweek tussen onderwyser en leerlinge en 'n spontane gesonde verhouding tussen seuns en dogters.

Dit is meer prakties om vir die begaafde in die gewone klassituasie deur middel van verryking voorsiening te maak, want versnelling is feitlik geheel en al onuitvoerbaar.

Venter sê die verryking van die leergang moet geskied in ooreenstemming met die leerlinge se behoeftes en aanleg en met volle erkenning van hulle individuele verskille.

Hy verskil van die genoemde persone omdat hy nie die hoeveelheid werk wil vermeerder nie maar „sy begripsvermoë wil verdiep en hom wil stimuleer om sy bestaande kennispatroon uit te brei." 88) Hier het ons dus 'n geval van kwalitatiewe verryking. Die aantal vakke is nie vermeerder of nuwe afdelings bygevoeg nie, maar die benadering word verander. Deur hulle eie afleidings en samevattings uit eerstehandse ondervindings te maak en deur hierdie afleidings toe te pas op nuwe situasies, sal denke en insig bevorder word.

Begaafde leerlinge behoort in die geleentheid gestel te word om te lees oor onderwerpe waarin hulle belangstel en

60/hulle.......

hulle moet aangemoedig word om op hierdie terreine dieper te delf. Parkyn sien egter in hierdie benadering die gevaar van doelloosheid. Hy wil 'n volledig beplande optrede in die skool hê: „Haphazard enrichment devices too often lead to useless frittering"...... Die basiese verrykingsprogram moet noukeurig beplan en opgestel word deur die hele personeel net soos wat hulle die gewone skoolprogram beplan. 89) Indien hierdie standpunt gehandhaaf word, bestaan die gevaar dat daar net 'n tweede leergang sal wees wat dan deur al die begaafdes deurgewerk moet word en van belangstelling en individuele verskille sal niks tereg kom nie.

Verskeie navorsers wil liewers 'n aparte leergang vir die begaafde hê waarin klem gelê sal word op diepte-differensiasie volgens die vermoëns van die leerlinge. 90) De Craecker verkies ook verdieping bo addisionele onderwerpe, terwyl Havighurst, Strives en De Haan ook die onderskeid maak tussen „deeping enrichment" en „supplementary curriculum." 91)

In die praktyk sal ons dus versnelling en verryking tot een prosedure verenig. Die normale werk sal met die klas aangepak word. Die begaafdes moet aangemoedig word om teen 'n sneller tempo te werk. Hulle sal dus die gewone voorgeskrewe werk in 'n korter tyd afhandel. Sodra die gewone werk afgehandel is, moet hulle met 'n verrykte program voort-

61/ gaan.....

---

89) Parkyn, G.W. a.w. p. 157.

90) Ibid., p. 156.

91) De Craecker. Soos aangehaal deur R. Vanderberghe: Begaafde leerlinge in de Amerikaanse school, Tydskrift voor Opvoedkunde, 10e jaargang: no 2: 1964-1965, p. 86.

gaan. Die werk moet as 'n eenheid beplan word. Die gewone werk moet eers afgehandel word en sodra dit gedoen is, kan die vinniger leerlinge of addisionele take aanpak of verdieping doen in dieselfde afdelings. L.A. Fliegler stel dit ook duidelik dat 'n programaanpassing aan die behoeftes van die moderne tyd, veral vir die begaafde, moet plaasvind.[92)] Gallagher wys ook op die noodsaaklikheid van hierdie aanpassing want in ons moderne gekompliseerde samelewing is dit vanselfsprekend dat alleen die begaafdes die leiding sal kan neem.[93)]

c. <u>Groepering van die begaafdes in spesiale skole of spesiale klasse.</u>

'n Derde alternatief is om die begaafde kinders in spesiale klasse of in spesiale skole af te sonder waarin hulle dan onderrig volgens hulle vermoëns sal ontvang. Uit die geskiedenis blyk dit dat hierdie gebruik baie oud is. Selfs Plato het die intelligentste jongmanne uitgesoek om leiers van die staat te word.[94)]

Met die groter persentasie van die bevolking wat tans die hoërskole besoek, sal dit noodwendig gebeur dat die standaard van die hoërskole moet verlaag om aan te pas by die

62 /leerlinge......

---

92) Fliegler, L.A. Curriculum practices for the gifted, <u>in</u> The Yearbook of Education, 1961, pp. 327-343.

93) Gallagher, J.J. Analyses of research on the education of gifted children, p. 24.

94) Hulsogi, S.K. Aangehaalde artikel soos verskyn in <u>Teaching - Quarterly technical journal,</u> Vol. XXXVII: No 2: Des. 1964, p. 58.

leerlinge wat die skool besoek. In ons land word subnormale kinders afgesonder in spesiale klasse of skole waar hulle dan onderwys ontvang volgens hulle aanleg en vermoëns. Die beginsel wat gehandhaaf word, is dus om die sub-normales in homogene groepe te groepeer.

As dieselfde beginsel in die geval van die begaafdes toegepas moet word, ontstaan die vraag of hierdie groepe homogeen moet wees ten opsigte van kronologiese ouderdom, of verstandsouderdom, of emosionele ontwikkeling, of sosiale ervaring, of fisiese toestand, of blote intelligensievermoeëns, of studiegewoontes, of ander norme. Om 'n verdeling te maak moet een aspek as basis gekies word en verder die ander faktore in ag geneem word.

Daar word verskeie argumente vir en teen spesiale skole en klasse aangevoer. In die eerste geval kry ons in demokratiese lande die argument dat almal op gelyke voorregte geregtig is, dus is almal geregtig op dieselfde onderrig en opleiding. Indien sekere leerlinge dan op grond van hulle vermoëns afgesonder word en beter opleiding ontvang, sal hulle beter voorberei wees vir die lewe en sal hulle die beste poste in die samelewing voor die ander wegraap.

Elke ouer veg dus vir sy kind se toekoms. Hy moet gelyke kanse met die ander hê en daarom mag die ander nie 'n beter opleiding ontvang nie. Waarmee hier egter nie rekening gehou word nie, is dat al sou die leerlinge dieselfde opleiding ontvang, die lewe self seleksie sal toepas en die begaafdes tog in die latere lewe tot meer in staat behoort te wees en dus tog maar die hoogste posisies behoort in te neem. Die argument dat dit nie demokraties sal wees as aan almal nie dieselfde onderwys gegee word nie, is beslis foutief.

Dit is die sosialisme en die kommunisme wat almal aan mekaar gelyk wil maak. In 'n demokratiese land behoort elkeen aangemoedig te word om sy maksimum te bereik en dit is dan ook elkeen se voorreg om na beter te strewe. Dit gee dan nie net aan die begaafde die reg nie, maar dit is sy plig om sy vermoëns te ontwikkel en dit is dan ook die plig van die staat om die geleenthede en omstandighede te skep waarin elkeen van sy burgers ten volle kan ontwikkel. Die argument dat spesiale skole of klasse die oorsaak sal wees dat verskillende stande in die gemeenskap gevorm word, kan nie sonder meer aanvaar word nie. Tans het ons geen spesiale opleiding vir die begaafdes nie, maar tog het ons 'n verdeling in groepe wat bepaal word deur die betrekking wat die persoon beklee of deur sy finansiële status. Dit is onmoontlik om persone aan mekaar gelyk te maak. Die enigste moontlikheid wat bestaan en wat dan ook gebeur, is dat die begaafde afgetrek word na die gemiddeldes of selfs so laag as die ondergemiddeldes, want dit is onmoontlik om die minder begaafde persone na die vlak van die begaafdes op te trek omdat hulle net nie oor die vermoëns beskik nie. Wat impliseer hierdie metode dan? Dit is duidelik dat ons dan self al ons begaafde leerlinge leer om hulle potensialiteite te begrawe. Ons ontwikkel by hulle 'n slap lewenshouding omdat dit nooit van hulle vereis word om op volle stoom voorwaarts te gaan nie.

Verdere besware teen die afsondering van die begaafde leerlinge kan soos volg saamgevat word:

i. homogene groepering laat die swakker kinders sonder die aanmoediging wat hulle kry van die leerlinge wat beter presteer,

ii. die swakker groepe word sonder leiers gelaat,

iii. die begaafdes ontwikkel 'n meerderwaardigheidskompleks,

iv. die begaafdes leer nie om die minder begaafdes te verdra nie,

v. homogene groeperings lei tot groepvorming,

vi. intelligensie mag oorbeklemtoon word en ander karaktereienskappe sal dan verwaarloos word,

vii. afwesigheid van die slim kinders sal die stimulus vir die onderwyser uit die gewone klasse wegneem,

viii. dis tog nie moontlik om groepe werklik homogeen te maak nie,

ix. homogene groepering bring ernstige administratiewe probleme mee.

Aan die ander kant is daar ook baie voordele wat soos volg saamgevat kan word:

i. dit stel ons in staat om elke kind volgens sy eie tempo te laat werk,

ii. in die afwesigheid van die begaafdes kry die gemiddelde leerlinge en selfs ook van die swakker leerlinge die geleentheid om as leiers op te tree,

iii. die begaafde leer dat daar „baas bo baas" is as hy op sy eie vlak werk en kompeteer,

iv. oorbeklemtoning van die intellektuele sal nie afhang van die groeperings nie maar van die tipe onderwys wat hulle ontvang,

v. in die gewone klas is die begaafde nie noodwendig die leier nie, hy is gewoonlik te jonk,

vi. ongelyke kompetisie in die gewone klasse ver-

oorsaak ook maar skeiding tussen die groepe,

vii. as begaafdes net in spesiale klasse geplaas word, sal hulle op die speelterrein en sportveld nog saam met die ander verkeer,

viii. omdat groter eenvormigheid in die klasse bestaan, word die werk van die onderwyser vergemaklik.

In die Transvaalse hoërskole word differensiasie toegepas wat in 'n groot mate segregasie tussen leerlinge is. Die beleid wat toegepas word, is dat die leerlinge op grond van prestasies behaal en vermoëns waaroor hulle beskik, aangeraai word watter baan om te volg. Hierdie vermoëns word deur intelligensie- sowel as aanlegtoetse bepaal. Hierdie stelsel het tot gevolg dat baie meer kinders die skooleindeksamen aflê.

Lê die oplossing vir ons probleem nie dalk in die uitbreiding van hierdie beleid ook na die laerskole nie? In die groter skole vind ons reeds 'n verdeling in klasse wat in 'n baie groot mate, indien nie uitsluitlik nie, op vermoëns en prestasies berus. Dit word daagliks ervaar dat die A-klasse teen 'n baie hoër tempo as die C-klasse werk en daarom ook addisionele take verrig. Ons wil graag hierdie stelsel uitgebrei sien, gepaardgaande met 'n meer doelbewuste strewe na die ontwikkeling van elke individu se vermoëns en nie so seer die hantering van die klas as geheel nie.

Ketchen beklemtoon ook die samewerking tussen die skool en die huis om 'n duidelike beeld van die begaafde se vermoëns te kry.[95]

66/Bassett........

---

95) Ketchen, A. What do we know about gifted children? The high school journal, Vol. 48: no 2, Nov. 1964, p. 88.

Bassett skryf die sukses van die Australiese primêre onderwys daaraan toe dat daar 'n doelbewuste poging aangewend word om individuele leerlinge so ver moontlik te help en aan te moedig. Die hoogste mate van individuele onderrig vind plaas wanneer leerlinge deur middel van aktiewe reaksies onder omstandighede wat die hoogste graad van verantwoordelikheid by kinders aanmoedig, onderrig word. 96) Idenburg bepleit ook individuele aandag as hy sê: „Ek bepleit het ideaal van de optimale ontwikkeling der talenten....." wat net kan gebeur as leerlinge persoonlike aandag ontvang. 97) Erasmus waarsku ook teen die proses van nivellering of gelykmaking in die onderwys. Twee mense kan nie aanmekaar gelyk gemaak word nie. Sodoende sal die eintlike kern van menswees vertroebel en besnoei word. Die unieke in die een maak hom anders as die ander. Hierdie uniekheid moet in die opvoeding die geleentheid tot ontwikkeling kry. 98)

In Amerika is verskeie eksperimente uitgevoer in 'n poging om 'n oplossing vir die probleem wat deur die begaafde leerlinge in die gewone laerskoolklasse geskep word te vind. Die doel was om 'n metode van hantering te vind wat die besware teen segregasie sou uitskakel maar wat die begaafdes in die posisie sou stel om ooreenkomstig hulle vermoëns te ontwikkel. Ons wil kortliks na 'n paar van hierdie eksperi-

67/mente..........

---

96) Bassett, G.W. Each one is different, <u>Navorsing-opvoedkundig en maatskaplik</u>, Vol. 5: no 2, Des. 1964, pp. 11-12.

97) Idenburg, Ph. J. Gelijkheid en kansen, <u>Onderwys en Opvoeding</u>, Jaargang 15: no 11, 1964, p.225.

98) Erasmus, O.C. Die personalisme van Kohnstamm en die betekenis hiervan vir sy prinsipieël pedagogiese denkbeeld, p. 39.

mente verwys.

(1) Eksperiment aan die Hurter College Elementary School New York:[99]

Vir hierdie proef is 450 begaafde leerlinge tussen die ouderdomme van 3 en 11 jaar, met I.K.'s van 150 en hoër, gebruik. Die leerlinge is verdeel in groepe van 15 tot 28 volgens hulle kronologiese ouderdom.

Hulle het die geleentheid gekry om individueel te werk. Hulle het dan ook baie gou hulle eie studiemetodes ontwikkel. Omdat hulle self hulle eie studieonderwerpe kon kies, was dit vanselfsprekend dat daar aan 'n groot aantal onderwerpe gelyktydig gewerk is. Die hele projek is in medewerking met die ouers aangepak.

In hierdie projek was die begaafde leerlinge dus geheel en al van die minder begaafdes geskei. Hulle het net naskool op die sportveld met die ander leerlinge gemeng. Die aanspraak is dat hierdie leerlinge besonder goed presteer het in skolastiese- sowel as persoonlikheidstoetse.

(2) „The Major work classes in Cleveland, Ohio."[100]

Hierdie eksperiment is gedoen om die invloed van 'n periode per dag wat aan die ontwikkeling van individuele begaafdhede gewy word, te bepaal. Al die leerlinge het oor 'n I.K. van 130+ beskik. Volgens hulle bevinding was die leerlinge dus almal van die boonste 5% van die leerlingbevolking. Hulle het in hulle gewone klasse gebly maar is

68/vir...........

---

99) Gallagher, J.J. a.w. p. 76.

100) Barbe, W.B. en Norris, D. Special classes for gifted children in Cleveland, Exceptional children, pp. 55-58.

vir 'n gedeelte van die tyd wanneer die ander leerlinge aan liggaamlike opvoeding en sang deelgeneem het, afgesonder. In hierdie tyd het hulle dan 'n verrykte program gevolg waarin hulle oefening gekry het om in die klas op te tree en aan vrye besprekings deel te neem. Hulle het ook in hierdie tyd 'n studie van Frans as 'n ekstra vak gemaak.

Hierdie eksperiment het van die Hurter College eksperiment daarin verskil dat die begaafdes nog vir die grootste deel van die dag saam met al die ander kinders in dieselfde klas gebly het. Hulle was net vir 'n gedeelte afgesonder. Ook in hierdie eksperiment is positiewe resultate gevind.

(3) „The Colfax plan: Pittsburg Pennsylvania"[101)]

Hier is al die begaafdes met 'n I.K. van 130+ en wat ten minste skolasties 2 jaar versnel was, vir 2 uur per dag saamgebring waar hulle dan aan projekte gewerk het. Die opstellers van hierdie program se uitgangspunt was dat leerlinge beter leer deur die probleembenadering. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die begaafdes vir die grootste gedeelte van die tyd saam met die ander leerlinge gebly het.

(4) De special klassen voor begaafden in Portland, Oregon.

Hier is 'n program opgestel wat by die normale kon aansluit. Die klem het geval op die ontwikkeling van talente en ontwikkeling van leierskap. Hulle het ook die beginsel van gedeeltelike segregasie toegepas. Pedagogies en didakties het die klem geval op verryking en klasse om spesiale

69/-belangstelling.......

---

101) Pregler, H. The Colfax plan, Exceptional children, pp. 198-201.

belangstelling te stimuleer. Hulle het ook positiewe resultate gevind ten opsigte van selfwerksaamheid, leierskap en inisiatief.

Uit die besprekings is dit duidelik dat van versnelling, verryking of groepering volgens aanleg en vermoë gebruik gemaak kan word indien ons in ons leerlinge se individuele behoeftes en verskille wil voorsien. „Terwyl aanpassing zoals „ability grouping" eerder het vormaspect zijn van de speciale voorziening voor de begaafden, is het verrijking van het programma eerder het inhoudelijke aspect." 102) Barbe en Norris besluit dat die term verryking in die algemeen na 'n metode van onderwys waarin individuele verskille beklemtoon word, verwys.103)

(5) Plaaslike navraag

In vraelys A Afdeling B wat aan die 40 hoofde van die proefskole gestuur is, het 10 uit die 40 gekies dat die begaafde leerling in die gewone klasse saam met die ander leerlinge moes bly; 21 uit die 40 wil graag die begaafde leerlinge in aparte klasse in dieselfde skool plaas waar hulle dan 'n verrykte program kan volg; 9 uit die 40 is ten gunste van die plasing van die begaafde leerlinge in aparte skole. 30 uit die 40 is dus ten gunste van een of ander vorm van afsondering. Die vernaamste redes wat deur hulle aangegee word, is die volgende:

70/i..........

---

102) Vandenberge, R. Begaafde leerlinge in de Amerikaanse school, Tijdskrif voor opvoedkunde, 10de jaargang: no 2, 1965, p.85.

103) Barbe, W.B. en Norris, D. a.w. pp.55-58.

i. Die begaafde lewer nie die beste waartoe hy in staat is as hy saam met die ander kinders in dieselfde klas is nie,

ii. in aparte skole of klasse kan die onderwys meer individueel wees,

iii. homogene indelings sal onderwys vergemaklik,

iv. in die gewone klasse word die meeste van die tyd aan die swak leerlinge bestee ten koste van die begaafdes,

v. die toekomstige leiers van die volk word lui, hulle leer om alles halfhartig te doen,

vi. hulle bepleit die instelling van differensiasie in die laerskool,

vii. 'n spesiale opgeleide onderwyser moet hierdie begaafdes onderrig,

viii. spesiale onderrig vir hierdie begaafde leerlinge is net so, en dalk nog belangriker as spesiale onderwys vir die sub-normales.

Die groep wat teen enige vorm van segregasie gekant is se redes kan saamgevat word as:

i. Spesiale-skole en-klasse sal aanleiding gee tot die ontstaan van snobisme,

ii. spesiale-skole sal net onnodige onkoste gee,

iii. spesiale-skole sal vervoer- en verblyfprobleme skep,

iv. 'n leerling is nie altyd in alle vakke begaafd nie, in sommige vakke sal hy dus baat vind in die gewone klas,

v. leierskapeienskappe kan beter ontwikkel word as die begaafde saam met die normale leerlinge in dieselfde klas is; 'n leier moet saam met sy volk lewe,

vi. dit word ook beweer dat spesiale-skole nie prakties uitvoerbaar is nie.

71/6. Samevatting....

6. Samevatting

i. Dit is haas onmoontlik om versnelling met al sy konsekwensies in ons huidige skoolorganisasie in te voer.

ii. Verryking bied groter moontlikhede veral as aan kwantitatiewe sowel as aan kwalitatiewe verryking aandag gegee word.

iii. In die individuele behoeftes van elke kind kan die beste voorsien word as van 'n individuele onderwysmetode gebruik gemaak word.

iv. Spesiale skole vir die begaafdes of spesiale klasse in die gewone skole, waar die begaafdes dan 'n verrykte program kan volg en waar metodes toegepas word wat hulle tot selfwerksaamheid en selfontdekking lei, kan 'n oplossing vir die probleem wees.

v. In ons huidige stelsel bied verryking die grootste moontlikhede. Deur middel van addisionele onderwerpe, verdieping en die aanpassing van die metode van aanbieding, kan die begaafdes tot hoër prestasies gebring word.

vi. Die meeste hoofde, van die groep wat die vraelyste voltooi het, bepleit een of ander vorm van afsondering sodat meer aandag aan die begaafde leerlinge gegee kan word.